higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N660**(A)**(M31)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

INKOMSTEBELASTING N6

(4010206)

31 Mei 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en 'n 1 bylae.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INKOMSTEBELASTING N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Toon AL jou bewerkinge/berekeninge.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Gee EEN term as antwoord op elkeen van die volgende vrae. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Wie is tans die Suid-Afrikaanse minister van finansies?

1.1.2 Teen watter koers word BTW gehef/bereken?

1.1.3 Wat word die laaste dag van 'n maatskappy se jaar van aanslag genoem?

1.1.4 Wat beteken die term *opgelope* ('accrued')?

1.1.5 Wie moet vir inkomstebelasting registreer?

(5 × 1) (5)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Die belastingjaar vir individue strek van 1 Julie tot 30 Junie van die volgende jaar.

1.2.2 ’n Kapitaalverlies ontstaan wanneer die basiskoste van ’n bate die opbrengste uit die verkope daarvan oorskry.

1.2.3 Suid-Afrikaanse inwoners moet belasting op hul buitelandse inkomste betaal.

1.2.4 Die Inkomstebelastingwet word elke vyf jaar gewysig.

1.2.5 Indirekte belasting word gehef op saketransaksies wat deur mense en maatskappye aangegaan word.

(5 × 1) (5)

[10]

TOTAAL VIR AFDELING A: 10

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

Mev Petunia, 37 jaar oud, is 'n voorlopige belastingpligtige en is buite gemeenskap van goed getroud, met geen afhanklikes nie. Sy dien die volgende inligting in:

	Rand
Maandelikse salaris	20 000
LBS per maand	4 500
Huurinkomste	70 000
Huuruitgawes	20 000
Bydrae tot uittreeannuïteitfonds (UAF)	5 000
Bydrae tot mediese fonds	Slegs 3 maande
Geen bydrae tot kwalifiserende mediese onkoste nie	

Verlang:

2.1 Bereken die eerste voorlopigebelastingbetaling (dui die datum en die vorm wat gebruik moet word, aan). (20)

2.2 Bereken die tweede voorlopigebelastingbetaling (dui die datum en die vorm wat gebruik moet word, aan). Mev Petunia kies om die volle tweede voorlopigebelastingbetaling te maak aangesien sy nie die risiko wil loop om enige boetes of rente te moet betaal as sy 'n ondervoorsiening vir voorlopige belasting maak nie. (10)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Mnr. James Polo, 68 jaar oud, tree op 28 Februarie 2018 by sy werk af. Hy hou ook op om tot sy UAF by te dra. Hy is binne gemeenskap van goed getroud, met twee kinders.

	Rand
Salaris vir ’n jaar: R18 000 per maand	
Annuïteit: R4 000 vir 2 maande	
Langdienstoekenning	6 000
Gebruik van ’n selfoon in die werkgewer se besit	26 000
Gebruik van ’n vakansiehuis in die werkgewer se besit: Hy gebruik die huis vir 23 dae tydens die huidige jaar van aanslag. Die maatskappy besit die huis (die waarde van die huis is R2 miljoen en ’n markverwante huurtarief word op R2 000 per dag geskat.)	
Bydrae tot pensioenfonds	3 500
Huurinkomste	200 000
Huuruitgawes	60 000
Verlofgratifikasie vanaf die werkgewer	15 000
Opgehoopteverlof-betaling	17 000
Enkelbedraguitbetaling	600 000
Afskeidsgeskenk van medewerknemers	2 000
Bestaanstoelae (5 nagte, waarvan daar geen rekord is nie)	10 000
Plaaslike rente (ALLE niebelastingvrye beleggings)	25 000
Bydrae tot UAF	8 000
Beurs vir James se kleinkind in die hoërskool	25 000
Skenking aan PDSA – ontvang ’n artikel 18A-sertifikaat	1 000
Bydrae tot mediese fonds	60 000
Kwalifiserende bykomende mediese uitgawes	18 000

Verlang:

Bereken mnr. James Polo se belastingaanspreeklikheid vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018. **[45]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Daar is aan mev. Madeline die gebruik van 'n vyfslaapkamerhuis verleen. Die huis is ten volle gemeubileer en die werkgewer betaal die elektrisiteit. Mev. Madeline se vergoeding is R220 000 ná ’n verhoging van 7,5% van haar vorige jaar se salaris.

Verlang

Bepaal die belasbare byvoordeel wat by mev. Madeline se belasbare inkomste ingesluit moet word. (5)

4.2 Die gebruik van ’n maatskappymotor word nege maande lank tydens die huidige belastingjaar aan mnr. Tom verleen. Die waarde van die voertuig is R480 000 (BTW ingesluit). Die werkgewer betaal vir die instandhouding van die voertuig.

Verlang:

Bepaal die belastingvoordeel wat by mnr. Tom se belasbare inkomste ingesluit moet word. (3)

4.3 Mnr. Sipho, 67 jaar oud en binne gemeenskap van goed getroud, dien die volgende inkomste vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018 in:

	Rand
Salaris	105 000
Bonus	15 000
Kommissie	5 000
Huurinkomste	13 000
Rente ontvang (ALLE niebelastingvrye beleggings)	5 000
Voorsorgfonds	3 100
Bydrae tot UAF	3 850
Bydrae tot pensioenfonds	6 000

Verlang:

Bereken mnr. Sipho se belastingaanspreeklikheid vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018. (17)

[25]

VRAAG 5

Me. Florah is die eienares van Florence Boutique Design (Edms) Bpk. Dit is 'n eksklusiewe modeontwerpswinkel. Sy maak unieke rokke en handsakke vir vroue vir verskillende geleenthede. Sy dien die volgende inligting in:

	Rand
Wins op verkope	1 000 000
Aankoop van patent	500 000
Aankoop van nievervaardigingstoerusting (op 1 Augustus 2017 gekoop, BTW ingesluit). SAID staan 'n korting van 25% toe (slytasie)	100 000
Lone	90 000
Lone vir me. Florah se huishulp	85 000
Lewensversekering vir me. Florah	1 600
Invoerbelasting op materiaal	3 000
Slegte skuld	1 000
Ingevorderde BTW	1 200 000
BTW oorbetaal aan die SAID	650 000
Brandstof vir afleweringsvoertuie	6 000
Onttrekkings	2 400
Advertensie	3 000
Oordrag aan algemene reserwe	18 000
Verbeterings aan die nuwe perseel (1 September 2017)	60 000
Annuïteite aan afgetrede werknemers	5 000
Die verf van die nuwe gebou	12 500
Vermaak vir voornemende klante	1 000
Jaareindpartytjie vir personeel	1 600
Bydrae tot pensioenfonds	2 500
Nuwe afleweringsbakkie op 1 September 2017 gekoop (BTW uitgesluit). SAID staan 'n korting van 25% toe vir slytasie	250 000
Brandstof vir me. Florah se motor	4 500
Versekering betaal vir die vervaardigingsmasjinerie aangekoop vir R400 000 (op 1 Augustus 2015 deur 'n kragstuwing vernietig)	18 500
Handelsbeperkingsbetaling aan die vorige eienaar van die onderneming gemaak – 2 jaar lank van krag	300 000

Verlang:

Bereken die belasbare inkomste vir me. Florah se winkel vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018. **[50]**

VRAAG 6

Boer Precious besit 'n 45%-aandeel in 'n plaas wat lemoene in die Limpopo-vallei produseer. Sy is 77 jaar oud en ongetroud, met geen afhanklikes nie. Sy dra by tot 'n mediese fonds, maar het geen ander mediese uitgawes aangegaan nie. Sy dien die volgende inligting vir die belastingjaar geëindig 28 Februarie 2018 in:

	Rand
Verkope uit lemoene (BTW ingesluit)	1 539 000
Inkomste uit huureiendom	25 000
Huuruitgawes	5 000
Voorlopigebelasting-betalings	3 500
Ontwikkelingsubsidie ontvang	150 000
Vrugtebome aangekoop	60 000
Herstelwerk aan plaasheining	70 000
Werkerslone	80 000
Nuwe vragmotor op 1 Maart 2017 aangekoop om lemoene van die boord na die pakkamer te karwei	185 000
Kraglyne na die fabriek op die plaas	12 000
Kraglyne na die werkers se kothuise	3 500
Saldo van kapitaalontwikkelingskoste oorgebring	50 000
Beginvoorraad van lemoene – kosprys	520 000
Beginvoorraad van lemoene – verkoopsprys	1 250 000
Eindvoorraad van lemoene – kosprys	250 000
Eindvoorraad van lemoene – verkoopsprys	1 200 000
(Die SAID staan 'n korting van 25% vir slytasie ooreenkomstig Interpretasienota 47 toe.)	

Verlang

Bereken die belasting betaalbaar vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018. **[40]**

TOTAAL AFDELING B: 190
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

BYLAE

KOERSE VAN BELASTING BETAALBAAR VIR DIE JAAR VAN AANSLAG GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2017		
BELASBARE INKOMSTE	**BELASTINGKOERSE**	**RAND**
0–189 880	18% vir elke R1	
189 881–296 540	34 178 + 26% van belasbare inkomste bo	189 880
296 541–410 460	61 910 + 31% van belasbare inkomste bo	296 540
410 461–555 600	97 225 + 36% van belasbare inkomste bo	410 460
555 601–708 310	149 475 + 39% van belasbare inkomste bo	555 600
708 311–1 500 000	209 032 + 41% van belasbare inkomste bo	708 310
1 500 001 en hoër	533 625 + 45% van belasbare inkomste bo	1 500 000

KORTINGS	**RAND**
Primêr	13 635
Sekondêre korting (vir persone van 65 jaar en ouer)	7 479
Tersiêre korting (vir persone van 75 jaar en ouer)	2 493

BELASTINGDREMPELS	
Onder 65	R75 750
Van 65 tot 75 jaar	R117 300
75 jaar en ouer	R131 150

UITTREEFONDS-ENKELBEDRAGVOORDEEL OF DIENSBEËINDIGINGSVOORDEEL		
BELASBARE INKOMSTE	**BELASTINGKOERS**	**RAND**
0–500 000	0% van belasbare inkomste	
500 001–700 000	18% van belasbare inkomste bo	500 000
700 001–1 050 000	36 000 + 27% van belasbare inkomste bo	700 000
1 050 001 en hoër	130 500 + 36% van belasbare inkomste bo	1 050 000

Kopiereg voorbehou